# Vlug na Vredendal

Hy glimlag vriendelik en hou die vervalste rybewys saam met die lugdiens se instap kaart uit na die beampte. Die man knik sy kop, merk dit en beweeg na die volgende passasier in die ry. Johan slaak ŉ innerlike sug van verligting.

Buite die groot lughawe vensters kom die son op oor die Weskaap se donker berge. Hy kyk met waardering na die oranje lug wat skouspelagtig begin gloei en gaap onwillekeurig. Die vorige aand het hy min geslaap en die rooi oog vlug noodsaak dat mens vroeg moet roer.

Die rugsak oor sy skouer bevat net ŉ skootrekenaar, twee motor sleutels en drie kledingstukke. Die inhoud is fyn uitgekies en sakpas vir sy planne van vandag. Hy smelt maklik saam met die weeklikse besigheid pendelaars in sy netjiese kakiebroek, wit hemp en blink leerskoene.

Veilig op sy sitplek bedink hy soos gewoonlik terug aan gister se gebeure. Hy was baie presies en versigtig. In sy beroep kan daar geen foute wees nie, die kleinste misstap kan fataal wees.

***

Hy het gister laatmiddag by die Waterfront hotel ingeklok met sy korrekte identifikasie en betaal met sy eie kredietkaart. Daarna skerts hy lank in die kroeg met die kroegman en kelners. Die duur vonkelwyn, grappies en stewige fooitjies sal verseker dat hulle hom lank onthou.

In die vroeë oggend ure, bel hy die hotel ontvangs. “Dit is Johan Schoeman in kamer 209. Het julle enige nood medikasie? Vir naarheid en maagkrampe? Ek is jammer om te pla, maar dit is dringend.” Hy kreun vir effek. “Ek voel baie sleg.”

Die ontvangsdame is dadelik besorg. “Nee, Mnr Schoeman. Die hotel het niks nie, maar ek het toevallig iets wat kan help in my handsak.” Sy huiwer. “Ek is nie regtig veronderstel om te help nie, maar as dit ŉ noodgeval is...”

“Ja, ja asseblief.” Weer ŉ luide kreun. “Ek het dit nou nodig. Jy is baie gaaf. Dankie.”

Rondom vier uur bel hy weer. “Hoe voel Meneer nou?” wil die ontvangsdame simpatiek weet.

“Klein bietjie beter, dankie vir jou hulp. Maar ek is ver van gesond. Ek gaan dit probeer afslaap en vandag net rustig wees. Maak asseblief seker niemand steur my nie.”

“Ai tog. Reg so, ek maak seker daarvan. Hang asseblief ook die *‘Do Not Disturb’* bordjie buite die kamerdeur om dubbel seker te maak.” Die klein kamera op die bedtafeltjie is in posisie. Hy sal later vanaand na die opnames kyk om seker te maak niemand was in die kamer nie.

Hy is reeds netjies aangetrek om ŉ reisende sakeman na te boots. Sy baard is afgeskeer en die bruin pruik maak sy bles mooi toe. Die nagemaakte boepmaag laat sy hemp effens styf span. Dit is ongemaklik maar hy lyk nou heeltemal anders.

Hy glip uit by die kamer en neem die trappe na die parkering onder die hotel. Die sydeur na die straat is oop. Dit is nog stik donker en die eerste motorsleutel is gereed in sy hand, die tweede veilig in sy rugsak vir later.

Die ou Corolla vat seepglad en hy ry versigtig na die lughawe op die N2. Die verkeer is yl gesaai so vroeg in die oggend, en die klein karretjie gedra haarself goed en is lekker onopvallend.

***

Tydens die vlug visualiseer hy die aksie plan herhaaldelik soos ’n kranige sport ster wat voorberei vir ’n groot wedstryd. In Johannesburg loop hy doelgerig na die lughawe parkade en soek na die motor op die aangewese parkeerplek. Uiteindelik sien hy die klein Nissan se ligte flikker soos hy dit soekend oop en toe sluit. Dit is omtrent dertig meter verder af in die ry.

In die paneelkissie rus die kort neus Taurus .38 Special. Hy ondersoek die werking met geoefende bewegings en verwyder die patrone. Sy vinger trek die sneller en die droë klik van die haan bevestig alles is in orde. Hy laai weer die rewolwer met die ses swaar koeëls.

Die verkeer na Pretoria vloei goed. Johan parkeer in Madiba straat op die sypaadjie en stap op met die straat na die rooibaksteen hofgebou. Op die hoek onder die dik Jakarandaboom haal hy die swart toga uit sy rugsak en gooi dit oor sy kop. Ongemerk smelt hy saam met die stroom van regsgeleerdes wat haastig op pad is na die hof.

Oorkant die hof kry hy ’n tafel by die eetplekkie, en teug rustig aan ’n koffie. Die moeilikste deel is altyd die gewag vir die regte oomblik.

***

Na ’n lang halfuur sien hy die groep uit die parkade te voorskyn kom. Soos verwag is daar vyf van hulle. Die politikus is duidelik nie in sy noppies om weer hier te wees nie en sy arms swaai rond soos hy met die regsgeleerdes redekawel oor sy korrupsie saak.

Sy gereelde lyfwag is op sy pos regs agter. Die senior advokaat is diep in gesprek langs die politikus. ’n Jongerige man en ’n aanvallige dame in togas vorm die agterhoede ’n paar meter terug.

Johan staan op en loop oor die straat. Nie te vinnig nie, dit sal aandag trek. Onder sy toga rus die .38 swaar in sy linkerhand. Sy duim trek die haan versigtig terug. Sy wysvinger rus langs die sneller.

Hulle is tien meter van hom. Die afstand krimp vinnig. Hy laat hulle verbyloop. Met ’n vinnige draai slaan hy die lyfwag van agter met die kolf oor die kop. Die lyfwag val soos ’n afgesaagde boom neer op die sypaadjie.

Almal wip van die skrik en swaai verdwaas in sy rigting. Drie vinnige skote en die politikus val agteroor. Sy bors is bebloed voor hy die grond tref. Niemand gaan hom weer vinnig instem vir die voortsnellende politieke soustrein nie.

Die vroue regsgeleerde se gil trek skril deur die oggend lug. Maar Johan is reeds besig om kalm weg te stap. Hy loop om die straathoek en versnel na ’n vinnige stap. Dan skerp links in by die volgende gebou se stegie. Vinnig verwyder hy die toga, en ruil dit met ’n helder rooi baadjie uit sy rugsak en ’n pet op sy kop.

Binne vyf minute is die kar wag beloon en Johan laat wiel in die lughawe se rigting. Die sirenes klink dofweg in die verte, maar hy is nie bekommerd nie. Hulle is heeltemal te stadig en die geskokte getuies sal nie hond haar af maak nie. Dit is die ding van spoed en geweld - saam vorm dit ’n goeie buffer teen helder getuienis.

By die lughawe los hy die Nissan soos gewoonlik in die parkade met die sleutel onder die sitplek. Een van die spanlede sal dit wel kom optel voor die son sak. Die rewolwer sal verwoes word om die lastige bewysstuk te laat verdwyn. Onopvallend volg hy die lugdiens se prosedures en gaan sit naby hek A9 en wag vir die vlug. Hy haal diep asem. Op die TV skerms sien hy die opskrifte.

*Skokkende Nuus. Bekende politikus doodgeskiet voor hof. Polisie segsman belowe ondersoek*.

***

Net na hy sy sitplek inneem op die vlug, plak ’n dikkerige vrou haar neer langs hom en sug van verligting. “Amper verpas ek hierdie vliegtuig. Ek is nie gewoond aan vlieg nie.” Sy is een van daai mense wat hardop praat in die spasie rondom haar en hoop iemand reageer. Hy ignoreer haar soos ’n stukkende stopstraat en staar by die venster uit.

“Net vir my kinders kom kuier hier in Sodom en Gemorra.” Sy laat haar nie van stryk bring nie. “Op Vredendal is daar mos nie eintlik vliegtuie nie.” Hy verstyf onwillekeurig, maar sy let niks op nie. “Bly al my hele lewe daar, maar kyk hoe deftig is ek nou. Wag tot die dames hiervan hoor. Ag, ou Elize gaan lekker jaloers wees.”

Hy draai sy gesig verder weg en hoop sy verloor belangstelling. Die lang dag haal hom stelselmatig in en hy skrik met ’n slag wakker as die vliegtuig hard ruk. Hy kyk vir ’n oomblik verward rond. Natuurlik, hy is op die vlug. Hoe lank het hy ingesluimer? Dit lyk of hulle reeds ‘n geruime tyd in die lug is.

“Dames en Here. Ons ondervind turbulensie. Maak asseblief U sitplekgordels vas.” Die afkondiging is net betyds want die vliegtuig bokspring soos ’n hups springbok.

Sy gryp hom aan sy arm vas en vra skril. “Is dit normaal? Wat gaan nou aan met die ding?” Sy draai na hom, maar hy skud net sy kop en trek sy arm weg. Sy gee hom ’n vreemde kyk, maar beteuel haarself vir die oomblik. Sy sit verstar in haar sitplek en staar reguit vorentoe.

Uiteindelik bedaar die turbulensie en hy loer na sy horlosie. Nog so halfuur voor hulle land in Kaapstad. Uit die hoek van sy oog sien hy dat sy elke nou en dan onopsigtelik na hom loer. Verdomp, hy wens sy wil hom uitlos. Hy het nie nou enige komplikasies nodig nie.

Terwyl hulle afsak om te land, klap sy haar hande hard en draai na hom. “Nou onthou ek. Ek het geweet ek ken jou mos!” Sy glimlag ingenome en gaan luidkeels voort. “Jy is mos Johan. Jy was so ’n jaar of twee voor my in die skool. Op Vredendal, wat ’n klein wêreld!”

“Ek dink jy verwar my met iemand anders.” Hy probeer kortaf en ongeskik wees. Maar hy vermoed dit is te vergeefs.

“Nee nooit nie. Ek vergeet nie nooit ’n gesig nie. Wag, laat ek dink. Moenie my reg help nie...Johan Botha.” Sy frons en staar hom aan. “Nee, dis nie reg nie...Schoeman! Johan Schoeman. Ja, jy kan maar skaam wees, maar ek weet ek is reg.” Sy knik ingenome haar kop ’n paar keer. “Soos gewoonlik. Dat so ’n brein nou eendag moet vrot.”

Hy twyfel. Hy kan haar afjak, maar hy is bevrees dit gaan net meer olie op haar skinder vuurtjie gooi. ’n Verdere uitdaging vir haar selfvoldaanheid. Miskien eerder erken sy is reg, maar dit skep ’n probleem vir hom - niemand mag weet hy was op die vlug nie.

Voor hy kan antwoord spring sy hom kliphard voor. “Die toeval darem. Dit is ek, Betsie Steyn. Onthou jy my nog? Seker nie. Ek was maar ’n ou vaal dogtertjie. Nie soos nou nie. Nou wat het jy in Johannesburg gaan doen? Wat doen jy vir ’n lewe, hê?” Sy pomp hom in die ribbes met die elmboog.

Johan leuen nader aan haar en praat sag in die hoop dat dit haar ook sal kalmeer. “Ek het baie belangrike besigheid gedoen vandag. Maar dit is uiters konfidensieel.” ’n Paar oomblikke van stilte om ekstra klem te plaas op sy onthulling. “Ek mag nie daaroor praat nie.” Hy kyk kamtig agterdogtig rond asof hy bang is iemand hoor hulle.

Sy gaap hom oopmond aan. Sy plan werk. Sy leun vertroulik nader en praat saggies. “Konfidensieel nogal. Dit klink belangrik. Maar as jy nie kan praat daaroor nie verstaan ek heeltemal.” Sy bly na sy kant toe oorhel soos ŉ seiljag wat te veel kant wind kry en kyk hom hoopvol aan. “Ek is baie diskreet, weet jy? Op die dorp weet almal as ek eers ŉ geheim het, dan hou ek hom toe soos ŉ dolos se klei boude.”

“Dit kan ek sien. Miskien kan ons...” Hy knik denkend. “Dit is soos in die flieks, weet jy?” Sy kwyl omtrent van belangstelling. “Ek kan wel vir jou alles vertel, maar dan sal ek jou ongelukkig moet doodmaak.”

Hy staar haar koud aan, terwyl sy hom oorbluf aangaap. Die stilte tussen hulle strek lank.

Dan breek sy die oomblik met ŉ skril lag. Sy klap hom op die skouer. “Ai, hoe laat jy my nou skrik. Jou grapjas.” Sy lag huiwerend verder as hy doodstil sit. “Jy is nog steeds ŉ regte plaatjie, net soos op skool.”

Hy leun nog nader aan haar sodat hulle neuse amper raak. “Nee, nou is jy verkeerd. Ek was nooit ŉ grapjas op skool nie. Ek was die stil en ernstige tipe. Almal het dit geweet. Dink mooi, jy het mos so ŉ goeie geheue.”

Sy vries en ŉ rooi skynsel styg van haar nek noordwaarts. Sy frons en hy kan amper hoor hoe haar kop se ratte oortyd werk. Vir eens is sy tjoepstil.

Johan fluister in haar rigting. “Jy sal dalk onthou van die woeste geveg by die matriekdans. Jy weet, iemand met jou tipe geheue. Dit was ŉ lelike storie.” Hy knik na haar kant toe. “Ja, ek was stil en ernstig. En nie iemand om mee te speel nie.”

In haar oë kan hy sien sy onthou die insident. Wel, dit is nie moeilik om dit te onthou nie. Dit was ŉ helse storie wat hy veroorsaak het, al het hulle daarvoor gesoek. Miskien waar alles begin skeefloop het vir hom. Geen sielkundige sal hom kan help om dit te vergeet nie. Nie dat een al probeer het nie.

Hy bly so sit en sy leun ongemaklik terug van hom af. So ver as moontlik in die nouerige sitplek. Haar oë is nou redelik groot oop en sy kyk bekommerd na hom. Die oomblik rek oneindig lank uit.

Die vliegtuig land met ŉ harde slag en sy wip van die skrik. Hy leun met ŉ grynslag terug in sy stoel en sy hou haarself skielik besig met haar handsak en los hom uit. Maar sy loer nog elke nou en dan senuagtig in sy rigting. Hy doen sy beste nabootsing van ŉ landmyn, doodstil solank jy nie daarmee lol nie.

Na wat soos ŉ ewigheid voel tou almal gedwee van die vliegtuig soos ŉ ry skape. Hy laat haar vooruit gaan en volg op ŉ afstand. Terwyl sy saam met die ander passasiers wag vir haar tasse loop hy ongeërg verby. Net buite die aankomsaal se deure draai hy regs en gaan wag in een van die winkels.

Hy weet sy het groot geskrik maar ongelukkig sal hy die finale stap moet neem. Dit gaan fyn tydsberekening neem hier in die besige lughawe. Met niks voorbereiding nie. Dit is nie ideaal nie, maar die kalf is nou in die put.

Dit is nie lank nie en hy sien haar uitkom met twee groot geblomde tasse op die trollie. Sy lyk heel ontstig en kyk verdag rond. Sodra sy ver genoeg verby is, volg hy haar op ŉ veilige afstand. Hy trek weer sy rooi baadjie aan en strek sy vingers.

***

Sy sien haar man geduldig wag met ’n bos blomme agter die taxi bestuurders en ander wagtendes. Sy peil behoorlik op hom af en omhels hom met verligte oorgawe. Die verligting spoel oor haar gesig, ’n halwe snik ontsnap uit haar mond.

Haar man weet nie mooi wat hom getref het nie, maar hy gryp die rare oomblik aan en hou haar ook styf vas. Die blomme word plat gedruk tussen hulle. Sy bly langer as gewoonlik in sy omhelsing. Sy moes hom baie gemis het.

Dan los sy hom en gryp sy arm vas. “Ek is so bly om jou te sien. Die vlug, die hele ding het my heeltemal ontstig. Jy sal nie glo as ek jou dit alles vertel nie. Dit was baie senutergend. Die dames gaan my nooit...ek bewe sommer nou nog.” Sy strek haar hande dramaties voor haar uit om te wys.

Hy kyk vraend na haar, maar word bewus van die man wat reg langs hulle staan. Hy betrag die netjies geklede man met sy bruin hare, dik bril en boep magie wat sy rooi baadjie styf laat span. Sy vrou wip van die skrik en trek haar asem skerp in.

“Jammer om te pla julle. Dis net, is jy nie Betsie Steyn nie?” Die man kyk vraend na haar. “Van Vredendal se wêreld af? Ek dink ons was saam op skool, ek is Johan. Johan Schoeman.” Hy kyk eers na haar man met dieselfde dooie uitdrukking as op die vliegtuig, en draai dan sy oë stadig terug na haar. “Maar jy onthou my seker nie, of hoe?”

Sy staan stom en staar na hom. Haar man kyk verward van haar na die vreemdeling. Haar maag trek op ’n knop, en haar mond voel baie droog. “Nee, nee glad nie,” kry sy uit. Haar kop skud heen en weer soos ’n weerhaan in die suidwester wind.

“Ja, dit is ook maar beter. Ek was ’n baie rowwe knapie gewees. Selfs in daardie dae. Ek hoop ek hoef nooit weer terug te gaan nie.” Hy glimlag maar sy sien dit is net met sy mond. “Ek wil nie, te veel herinneringe. So, ek hoop nie dit is ooit nodig nie.”

Haar man kyk nou stip na die man in die rooi baadjie. Sy staan versteen en haar hand palms sweet skielik effens. Tot haar verligting begin die man agteruit tree.

“Jammer om te pla. Dit is voorbarig van my. Mooi aand vir julle. Veilig terugry.” Die man draai om en loop doelgerig weg.

Haar man kyk haar vraend aan. “Jy kan dan omtrent almal onthou. Jy spog mos altyd oor jou geheue. Ek is verbaas jy kon hom nie eien nie.” Hy kyk rond, maar die man is skoonveld. “Weet jy wie dit was? Iets aan hom was nie vir my so tien-vier nie. Die ou gee my omtrent die ritteltits.”

“Nee, ek weet glad nie wie dit is nie. Dit was baie lank gelede. Ek kan mos nie almal onthou nie.” Sy skuif aan haar tasse op die trollie rond om tot verhaal te kom.

Hy kyk nuuskierig na haar. “Wat wou jy my vertel het, iets van die vlug?”

Ons het...ek bedoel...die vlug...die turbulensie was baie erg. Dit is maar al. Ek het groot geskrik.” Sy vee ’n traan ergerlik weg uit die hoek van haar oog.

Haar man omhels haar weer. “Toemaar, jy is nou veilig terug op moeder aarde. Ek brand om te hoor wat die kinders alles kwyt geraak het. Haal net diep asem.” Hy staan terug en gee dan as ’n nagedagte die plat gedrukte blomme vir haar.

Sy hou die plat blomme vas met beide hande en wys na die tasse op die trollie.

“Bring my goeters. Kom ons gaan reguit huis toe. Terug na Vredendal.”